

**2 Desember**

**Geen bekommernis nie!**

**Skrifgedeelte: Filippense 4: 2-6**

**Fokusgedeelte: Filippense 4:6**

Is dit werklik moontlik?! Die alarmstelsels in ons huise en motors herinner ons tog elke dag daaraan dat ons rede het om bekommerd te wees.

Uit persoonlike ervaring verseker Paulus jou: Jy hoef vir geen oomblik in jou lewe bekommerd te wees nie. As Paulus hierdie woorde skryf, sit hy in die tronk. Die moontlikheid dat hy die doodstraf opgelê gaan word, is baie groot. Paulus kyk die dood in die oë en tog is hy kalm en rustig. Dit is alleen moontlik omdat hy net op die Here vertrou. Wat nou ook al met hom gebeur, hy leef in die sekerheid: dit is hoe die Here hom in sy koninkryk wil gebruik.

Nou gee hy vir ons goeie raad hoe om in 'n wêreld wat op sy kop staan, kalm en rustig te kan wees. Luister wat sê hy: Vertrou die Here met jou lewe. Leef in die sekerheid: Die Here sal vir jou sorg, al loop alles in die lewe vir jou verkeerd. En wat meer is: Die Here is nie onbereikbaar ver van jou af nie. Inteendeel: Hy is 'n handreik van jou af. Jy kan in gebed vir Hom vertel waarvoor jy bang is. En jy kan seker wees; Hy luister as jy met Hom praat. En met oop hande gee Hy altyd vir jou net die beste!

En onthou: die beste is nie altyd dit wat jy gevra het nie.

*Sing: Psalm 31:1 en 3 (1936)*

*Ds. CS Grobler (Stellenbosch)*